







# Nuusbrief

Maart 2011

PO Box/Posbus 7864 • Bloemfontein 9300 • Tel: 051 410 0958 • Fax/Faks: 086 573 1021

## BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER



Wat 'n wonderlike jaar met baie reën, groen weivelde en pragtige Braunvieh in die veld. Mooi beeste wat dit lekker maak om mee te boer.

Christopher die nuusbrief word elke keer mooier en dikker. Is dit omdat ons beeste so mooi en dik is? Baie geluk.

Ons het begin met die keuring van die diere en die bulle gaan binnekort ook "gebrand" kan word. Ons wil graag net die beste vir elke teler op die plaas hê, daarom moet die keurders elke teler bystaan om te help om die kuddes te verbeter en daarvoor is twee koppe altyd beter as een. Net die beste bul is goed genoeg en daarom sal bulle wat nie aan die rasstandaard voldoen en 'n positiewe bydrae kan maak nie, voortaan afgekeur word.

Baie welkom aan al die nuwe telers wat die afgelope tyd by die Braunvieh genootskap aangesluit het. Ons sien daarna uit om al ons telers en belangstellendes op Vryburg, tydens Nampo en by die kursusse en boeredae te sien. Kom maak gerus 'n draai by ons stalle, klubhuis en uitstalling en kom kuier lekker saam.

Dit is belangriker om 'n kind elke dag te prys as om met hom te raas as hy 'n fout begaan het.

**Cois Harman**

## Marinda Smit - Rindie Stoettelers



Ek is op Kuruman gebore op16/10/71 en het groot geword op die plaas Ingedag in die VanZylsrus omgewing. Ek het skool gegaan op Deben en het gematrikuleer by Kathu Hoërskool. Na my pa oorlede is het hy vir ons grond nagelaat. Na matriek in 1990 het ek besluit om plaas toe te kom en te boer op my plaas Rogella.

Ek boer met Brahman en Simmentaller koeie waaruit ek Simbras teel. Ek teel self my vervangingsverse en het in 2000 my eerste Braunvieh stoetbul by Mnr. Hampie van Zyl van die Beaulieu stoet by Dibeng gekoop. Die bul was Glattbrugg Mozart uit Baer Schwarzenberg en Mosel Felsberg. Ek het besluit om die Braunvieh bul op die Simbra koeie te gebruik omdat ek meer vleis en beter bouvorm kalwers wou teel met 'n beter speengewig en so meer geld in my sak. Omdat dit dubbeldoelrasse is het die koeie meer melk wat tot gevolg het dat die kalwers vinniger en beter groei. Ek bemark my kalwers tussen 6-7 maande met 'n gemiddelde speengewig van 250-260 kg.

Van 2000 af het ek met gereelde tussenposes bulle van Mnr. Hampie van Zyl van die Beaulieu stoetery gekoop en uitstekende resultate behaal. Huidiglik gebruik ek vier Braunvieh bulle by Simbra koeie waaruit ek speenkalwers teel. Die laaste twee jaar neem ek aan slagos kompetisies deel waarin my kalwers baie goed prestreer het. Ek noem hulle sommer my Sim- Swisse. Die kalwers vaar uitstekend in die voerkraal en het 'n GDT van 1,6 tot 2 kg oor 120 dae voertydperk behaal. Ek is nog 'n beginner in die slagos kompetisie, maar ten spyte daarvan het ek goeie resultate behaal en verbeter jaarliks.

Ek het November 2009 my eerste 5 Stoet Braunvieh koeie by Mnr. Hampie van Zyl gekoop. Ek beoog om nog stoet vroulike diere aan te skaf en as 'n stoetteler te registreer.

In die tien jaar wat ek Braunvieh bulle in my telingsprogram gebruik het, het die volgende eienskappe van die ras my beindruk: Hulle aanpasbaarheid in die strawwe Kalahari toestande, het goeie moederseienskappe en baie melk. Die ras is ook bekend vir hulle goeie temperament. Ek ondervind geen kalwingsprobleme op my koeie nie. Die kalwers handhaaf 'n goeie groeitempo in die veld en in voerkraal toestande.

Die korrekte en doeltreffende bestuur van my beeskudde is vir my baie belangrik. Ek glo aan goeie lek en weidingspraktyke. Parasietbeheer en 'n goeie dosseer- en inentingsprogram. Dit is belangrik om gereeld tussen my diere te beweeg. Ek glo aan die spreukwoord "The eye of the breeder fattens the cattle".

My geloof in my Skepper het my deur die harde Kalahari toestande deur voorspoed en teenspoed gedra en ook deur die uitdagings wat ek as vroueboer ondervind het. My doelwitte vir my boerdery en lewe is: Fil. 4:23 Ek is tot alles in staat deur Jesus Christus wat my krag gee. Mark. 9:23 B : Vir die een wat glo kan alles. Spr. 16:3 Laat wat jy doen aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk. Alle eer en dankbaarheid aan die Here vir wat ek in die 20 jaar wat ek boer vermag het.

**Braunvieh Simbra Kruisings**





## Uit die Redakteur se oog

Dis ons eerste nuusbrief vir 2011 en daar is so baie nuus dat as ek als in detail wou plaas ons 'n mini joernaal sou moes druk. Baie dankie aan al die telers wat gereeld advertensies plaas en inligting deurstuur.

As stoetboer is dit baie belangrik om jou produk bekend te stel en voortdurend te bemark. Kyk maar net na "Coke", hulle het seker die gewildste koeldrank ter wêreld, maar adverteer daagliks oral waar hulle kan. Mens kan nie verwag dat mense jou produk teen jou prys moet koop as hulle nie eens van jou of jou produk weet nie.

Ek wil die telers wat nog nie sover gekom het om advertensies te plaas nie, vra om jou stoet aan ander telers bekend te stel en vir ons te wys wat jy het. Die nuusbrief word na al ons lede versprei en ook by bv. koöperasies, Nampo ens neergesit.

'n Belangrike artikel waarna julle met aandag moet kyk, is die **nuwe skoureëls.** Dis daar om alles net vir almal duidelik te maak oor wat van die teler sowel as die diere wat hy vertoon, verwag word.

Nou ja, ek hoop julle geniet al die nuus en dat julle net meer opgewonde sal raak oor ons ras.

Die volgende nuusbrief sal gedurende die winter verskyn, so stuur asb. enige interessante nuus vir ons aan na Elna of myself en indien jy wil adverteer laat weet asb. die kantoor.

Groete
Christopher Havenga

## Joernaal 2011

Dis weer joernaal tyd en ons is van plan om 'n spog joernaal uit te gee vir 2012. Ons joernaal is 'n spieëlbeeld van ons ras, so kwaliteit is van groot belang.

Die ander ding van 'n joernaal, nes van 'n ras, is dat die telers die hoof bestanddeel is vir die sukses daarvan. Dus vra ek BAIE MOOI dat ELKE TELER groot asseblief vir ons 'n advertensie in die joernaal van 2012 sal plaas.

Dis 'n relatief goedkoop manier waarmee jy werklik baie mense kan bereik. As jy nie in die joernaal is nie, gaan die ou wat 'n joernaal by Nampo vat of in die koöperasie optel, nie van jou weet nie! Dit bied regtig groot blootstelling.

Nou ja, noudat ek jou oortuig het om 'n advertensie te plaas, begin jou werk! Begin nou al jou kamera saam vat veld toe (die veld is nou so mooi) en begin foto's neem. Dis belangrik dat die foto's van goeie kwaliteit is (ten minste 1MB). Indien jy nie kans sien nie, vra iemand om dit vir jou te doen.

Die belangrikste bladsye van die joernaal gaan ons gedurende die Algemene Jaarvergadering opveil. Nog 'n goeie rede om asseblief nie die vergadering mis te loop nie.
Kom, Braunvieh telers, kom ons maak 'n groot "EFFORT" en wys die res van die beeswêreld wat in ons en ons ras steek.

Volbladadvertensie: R3 500.00
Halfbladadvertensie: R1 750.00

Kontak my asseblief met enige navrae of voorstelle of indien jy van iemand weet wat ons graag wil borg of 'n advertensie wil plaas.

**Christopher Havenga**
**082 821 1527**

## LNR Prestasietoetsing: *Fase C*



Dit gaan goed met ons ras by die fase C toetse. In 2010 is daar 20 bulle getoets. Die gemiddelde voeromset van die 20 bulle was 6.03 en die GDT was 1.8kg, 12 van die bulle was goue meriete bulle, 3 silwer meriete, 4 gewone meriete en 1 het 'n slagklousule gekry. Dis werklik belangrik om Fase C of D in jou kudde te doen, want as ons onself nie meet nie, hoe gaan ons weet?

Fase C behoort jou so om en by R3 500.00 per bul te kos, maar praat gerus met die manne wat dit doen en hulle sal vir jou oor en oor sê dat dit werklik die moeite werd is.

Telers wat ten minste 10 bulkalwers van die selfde ouderdom het, kan hulle gerus in 'n Fase D toets insit. Die vereistes vir 'n fase D toets is die volgende:

Daar moet ten minste 10 bulkalwers van die selfde ras wees en nie meer as 100 dae in ouderdom verskil nie. Dis verkieslik om 'n Fase D toets te begin so gou moontlik nadat die bulle gespeen is, dit wil sê op ongeveer 7-8 maande ouderdom. Jy en 'n buurman kan dus julle bulle saam insit, solank hulle net aan die vereistes voldoen.


Dis lekker om te sien watter kalf op die ou end die beste van die groep is en jy het syfers om te wys van hoe jou bulle gemiddeld op die veld en onder dieselfde toestande presteer het.

Die van julle wat net so 3 of 5 bulle het, probeer gerus die Fase C toets, al stuur jy vir eers net 1 of 2 per jaar, glo my jy gaan die vrugte pluk.

Die volgende telers het bulle wat kwalifiseer om die Braunvieh by die Spesiale Prestasietoetsklas tydens Pretoria skou vir 2011 te verteenwoordig:

- **Bergland Koepel Stoet**
- **Christopher Braunvieh**
- **Eduan Braunvieh**
- **Harman Braunvieh stoet**
- **JCV Erasmus**
- **Shalom Braunvieh**

Baie geluk aan die telers en ek weet die Braunvieh sal die jaar verseker weer sy merk maak tydens die kompetisie. Die klas is werklik belangrik, nie net vir die teler wat die ras verteenwoordig nie, maar vir die ras self. Die ras kry werklik op die end baie myle uit so iets. Die Braunvieh was gedurende 2010 en 2011 op baie voorblaaie van landbou tydskrifte en ons het baie blootstelling met artikels gekry. Mense sien skielik die bees raak en dit lok net al hoe meer belangstelling!


Abie de Villiers • Posbus 9, Petrusville, 8770 • E-pos: abiedev@absamail.co.za • Sel: 083 276 4720

VIR 'N GROTER TOEKOMS KLEIN KALWERS


VAALDU BOERDERY

WP du Plessis 082 801 1854 Posbus 114 Warrenton 8530

**Vaaldu Braunvieh Stoet bied u bulle wat:**
• Normale kalwingsgewig het • Verhoogde speenmassa met enige kruising verseker • Goue en silwer meriete behaal tydens Fase C by Armoedsvlakte • Die beste indekse van die afgelope 15 jaar se toetsing by Fase D behaal • Presteer by enige Promosie- en Interrasskou • Herhaaldelik uitblink by vleisbeesdae • Wenners teel vir enige karkaskompetisie • Verse teel wat jy verseker kan en wil hou.

**Met ander woorde:**
• Jy teel jou eie top vervangingsverse uit jou eie kudde • Jy teel kwaliteit oskalwers wat hoog in aanvraag is by voerkrale • Jy verkoop swaarder kalwers op speenouderdom • Jy verbeter jou kruiskudde en jy maak geld.

Charles Stafford-Trofee vir die beste prestasie getoetsde Braunvieh Stoet in Suid Afrika gewen in 2006, 2007, 2009 en 2010



Pretoria skou 2003: Raskampioene


Fathom


Kelvi


Fatima

UITSTEKENDE STOETBUL EN 8 VERSE TE KOOP

# Nasionale Kampioenskappe 2012

Volgende jaar is weer ons Nasionale Kampioenskappe!! Ek sê julle nou al sodat julle, julle parings kan regkry vir die skou. Ons beoog om dit werklik een van die hoogtepunte te maak in die Braunvieh geskiedenis.

Ons doel is om soveel moontlik nuwe vertoners daar te kry!! Die Namibiërs kom ook weer saam met ons skou, so dit beloof om 'n spog geleentheid met spog diere te wees.

Al bring jy net 3 diere, dit maak nie saak nie. Om jou diere te kom skou is regtig 'n ondervinding en ons kuier baie lekker saam. So, kom begin met julle beplanning, identifiseer die diere wat jy graag wil vat. Indien jy onseker is oor hoe en wat, skakel een van die "ou skoumenere", ek is seker hulle sal jou met raad kan bystaan. Julle kan gerus ook met Hanri, Daleen of Molly Bester, Hans Bester se dogters of met Anika De Villiers Pieter de Villiers se dogter praat oor die voorbereiding en afrigting van die beeste vir die skou. Hulle het hulle uitstekend onderskei op jeugskoue en ken die storie. Dis nie so moeilik soos julle dink nie... bietjie geduld, liefde en harde werk en as jy dit eers eenmaal reggekry het, is jy "gehook".

Ons sien uit om sommer BAIE van ons telers te sien met beeste en as jy nog nie kans sien nie MOET jy ten minste net kom en die vertoners ondersteun.

Die Nasionale Kampioenskappe vind volgende jaar tydens die Vryburgskou plaas.

# Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering word gehou op 4 Mei 2011 om 17:00 in die Braunvieh klubhuis op Vryburgskouterrein. Ons wil 'n ernstige beroep op ons lede doen om die vergadering by te woon. Dis baie belangrik dat ons so veel moontlik lede daar moet hê (nie net die ouens wat kom skou nie), sodat ons saam kan praat en besluite oor wat die beste vir ons ras is kan neem.

Punte soos die "Branding" van bulle sal finaal deur die vergadering bespreek moet word, asook die aspekte ten opsigte van die keurings van diere.

Van die raad se kant af wil ons julle vra om 'n dag af te staan, die beoordeling te kom kyk en na die vergadering toe te kom.

# Nampo 2011

Nampo is 'n GROOT vertoonvenster vir ons ras. Gedurende die paar dae beweeg daar duisende mense. Dis waarom dit altyd belangrik is dat ons daar is en gesien kan word. Dis ook belangrik dat die diere wat ons daar uitstal ons ras weerspieël. Baie dankie aan Pieter De Villiers wat die jaar namens die Braunvieh beeste na Nampo vat. Dis 'n groot opoffering en elkeen van ons waardeer dit.

Ons nooi al ons lede uit om ons in die beestekompleks te kom besoek en 'n rukkie saam te kuier om ons ras. Nampo vind die jaar vanaf 17 tot 20 Mei 2011 plaas en ons sien uit om julle almal daar te sien.

# ALPHINE BRAUNVIEH STOETERY HERDENK SY 75 JARIGE BESTAAN 1936 - 2011

Wanneer daar in die Vrystaat op die N5 tussen Winburg en Senekal gery word kan jy nie anders as om die treffende advertensiebord langs die pad raak te sien nie. 'n Statige Braunvieh koei pryk op die bord en trots straal uit die Alphine Braunvieh stoet. Flip Wessels die huidige eienaar se moeder Bessie Wessels het die stoet begin in 1936 met die aankoop van een bul en twee koeie. Die bul **Sterling 607** is aangekoop van JJ Kruger op 17 Maart 1936. Die twee koeie **Molly 5de** en **Bettie 2de** is aangekoop van die Van Zyl Broers. Die eerste kalf van Molly, **Elsa** is 26 Februarie 1937 gebore.

Sommer vroeg al is besef, en deur die jare is die ideaal volgehou, om uit 'n groot genepoel te teel. Daarom is kostes nie ontsien om die beste teeldiere in te voer nie. Die poging het goeie resultate afgewerp. Die ingevoerde diere het almal baie goeie eienskappe oorgedra: baie vleis en baie melk - die ideale dubbeldoel bees!!! Ingevoerde bulle uit Switzerland is te alle tye gebruik. Gedurende 1950 -1964 is bulle by name "**Orsino en Olmat**" in die kudde gebruik. En gedurende die tydperk 1968 - 1975 is die bul "**Hektor**" gebruik.

Die Alphine stoet het self die volgende diere vanuit Switzerland ingevoer. Gedurende 1951 is twee koeie by name "**Hirsch en Bionda**" ingevoer. In 1964 is 'n bul en twee koeie ingevoer. Die bul "**Kurt**" en 'n koei "**Gabi**" uit Switzerland en die koei "**Blumle**" uit Duitsland ingevoer. In 1989 is twee bulle "**Fino en Milor**" ook uit Switzerland ingevoer. Later jare is baie van ingevoerde embrio's en semen gebruik gemaak.

Die kudde het deur die jare baie goed op skoue presteer en diere is na meeste van die aangrensende lande uitgevoer. Op 17 Mei 1950 is die eerste groep bulle en vroulike diere in een besending uitgevoer na die eertydse Belgiese Kongo, Suid-Rhodesië en Suid-Wes Afrika.

Flip Wessels het na die afsterwe van sy vader, Desember 1954 betrokke begin raak by die kudde en het die bestuur en teling waargeneem. Hy het as jong man van17 jaar oud baie vinnig besef hoe gesog en in aanvraag die Braunvieh diere was, veral in die 1960's en 1970's. Jan de Bruin 'n vriend wat in die Otavi distrik in Namibië met Braunvieh geboer het, het jaarliks by die omliggende beesboere bestellings gekry vir bulle van die Alphine stoet. Een jaar was die bestelling 15 bulle.

Die interessantste ondervinding was gedurende Augustus 1974 toe Flip Wessels 'n uitnodiging ontvang het om as eregas van die **Sadabandeira** skougenootskap in Angola die skou by te woon. Die Braunvieh inskrywings van 17 diere het almal uit die Alphine stoet gekom – wat 'n verrassing en vreugde. Dit was die rede vir die uitnodiging.

Die Braunvieh is vir seker die beste dubbeldoel ras in die wêreld. Met die regte bemarking kan die nuwe geslag boere aan die ras bekend gestel word om sodoende selfs beter hoogtes te bereik as in die verlede.

As deel van die feesvierings van die 75 jarige herdenking gaan die Alphine stoet vanjaar aan die Vryburg-skou deelneem om die kudde te vertoon. Daar sal slegs twee top fase D getoetste bulle op die veiling aangebied word. Die stoet sal ook vertoon word gedurende die Pietermaritzburg skou einde Mei 2011.

Vir enige navrae of verdere besonderhede kontak Flip Wessels gerus by sel 083 264 2199. Die stoet kan enige tyd besoek word op die plaas Wesselspunt in die distrik Winburg.

***Artikel geborg deur:***

*501 Seagull vakansiewoonstel op die Margate hoofstrand, kontak vir Donsie vir besprekings by tel 082 562 1222*

# `n Terugblik op 55 jaar – Piet de Villiers



Na 55 jaaris dit steeds ons doelwit om die room van die Braunvieh ras te besit. Met ywer en doelgerigtheid is keuses uitgeoefen na aanleiding van naslaanwerk en besoeke aan telers plaaslik en in die buiteland. Die aankoop van plaaslike rasegte dubbeldoeldiere en die invoer van rasegte dubbeldoel bulle vanuit lande van oorsprong was beslis verantwoordelik vir die vrugbare kuddes waarmee ek en my familie vandag nog boer. Die grondslag van die Sonneskyn Braunvieh Stoetery is gelê in 1956 – 1957 met die aankoop van diere vanuit die Toekoms Stoetery wat bekend was vir oorspronklike dubbeldoel beeste.Die slagspreuk van daardie tyd was: "Boer met die groot bruin koei – sy sorg vir jou!".

Twee koeie, Cloebert Roosie en Cloebert Kappertjie, word in 1960 van die Graaff-familie aangekoop. In Februarie 1960 word die eerste bul, Pilot Oetwill Amsee ingevoer en met net ses kalwers maak hy `n groot impak op die kudde. Die bul Gold Oetwill Amsee is in 1961 ingevoer. Ons bekende AC-Cattle-Co Rommi 10, Farmer's Weekly koei in 2006 is getuienis van sy sukses in ons kudde.

In April 1962 word Cloebert Roosie die SA Kampioen op die ou Johannesburgse Paasskou en sy was ook die eerste Suid-Afrikaans geteelde Kampioen Koei en in 1965 doen sy dit weer en haar seun: Sonneskyn Roseveld, word die Reserwe Groot Kampioen.

In September 1968 word Bär en David ingevoer en hulle nageslag is nou nog in ons kuddes. In 1971 word vir Markus ingevoer - die vader van die bekende Markus 8 wat later deur Taurus gebruik is en verantwoordelik was vir die algemene bevordering van baie Braunvieh kuddes in die land. Van die Potgieter familie bekom ons in 1976 die bul Millard Adam geteel uit Edel van March, kleinseun van Diamant. Hieruit is bekende bulle Sonneskyn Adel 3 en AC-Cattle-Co Aldor geteel.

In 1981 word Dufur ingevoer – die vader van Sonneskyn Amanda's Dufur 3. Sy moeder was `n Markus-dogter. In 1982 word die Showgirl koei aangekoop– moeder van Sonneskyn Pauli [1988 Junior Nasionale Kampioen] – waaruit Sonneskyn Rommie 10 en Sonneskyn Pauletta geteel is. In 1989 voer ons vir Reno in - `n groot bul wat ons kudde baie eenvormig gemaak het met twee baie uitstaande koeie: Sonneskyn Hilda en Sonneskyn Prinses waarvan ons nou nog seuns gebruik.

Vandag bestaan die Sonneskyn en AC-Cattle-Co kuddes uitnageslag van al die bulle genoem en die volgende 4 stammoeders: Toekoms Hazel waaruit die Prinses- en Ariana koeieg eteel is, Milroy Flirt wat gesorg het vir die Rommi's, Pauletta's, Amanda's en Zuzi's ; Cloebert Roosie wat gesorg het vir Kroenli's, Zenta's, Ormi's en Showgirl wat vir ons Showgirl 1, 2 en 3 gegee het.

Aan vandag se telers: Maak stoetteling vir jou `n lewenstaak en leefwyse! Ek bedank graag my familie, wat nou reeds in die derde geslag met die Braunvieh boer, vir volgehoue ondersteuning en entoesiasme.

Groete
Piet de Villiers




## Beoordelaarskonferensie

Die beoordelaarskonferensie het op 2 en 3 Februarie 2011 op die plaas Appelkoosboom van Pieter De Villiers plaasgevind. Daar was junior, senior en interrasbeoordelaars teenwoordig. Dit was 2 baie sinvolle dae en die manne het lekker kopgekrap oor sekere aspekte. Baie sake is bespreek en goeie planne en oplossings is gekry.

Wat die beoordeling van bulle betref het dit duidelik deurgekom dat bulle genoeg vleis moet dra. In die kommersiële mark soek die kopers bulle wat maklik aanpas en wat 'n swaar speenkalf met goeie groei kan lewer. Daar is genoeg melk in ons ras, dus sal daar altyd melk in die F1 verse wees vir die mense wat graag wil F1 verse teel.

By die vroulike diere soek ons na die ware dubbeldoelkoei met genoeg vleis en melk. Dis belangrik om die balans tussen vleis en melk te behou, aangesien mense beeste soek wat maklik op die veld aanpas, maar nogsteeds genoeg melk vir haar kalf sal hê.

So, sterkte aan die beoordelaars wat gedurende 2011 gaan beoordeel. Dis nie altyd 'n maklike taak nie, maar die ras kom eerste en die beeld wat ons uitdra in die skouringe moet die ras vorentoe kan vat!



## Vryburgskou 2011

Daar gaan heelwat telers skou tydens die Vryburgskou vanjaar. Ons vra regtig die lede om die vertoners te kom ondersteun, want glo my daar is niks lekkerder as om jou beeste te vertoon aan mense wat net soos jy oor hulle voel nie. Kom kuier saam met ons vanaf 4 tot 7 Mei. Die Braunvieh beoordeling vind op 4 Mei 2011 plaas, en dieselfde middag om 17:00 gaan ons, ons Algemene Jaarvergadering in ons nuwe klubhuis hou.

## BRAUNVIEH SA SKOU REGULASIES

Die dag voordat die skou begin sal al die Braunvieh en hul data wat vertoon gaan word, nagegaan word en diere wat nie kwalifiseer nie, sal nie toegelaat word in die skouring nie. Die bewys van die volgende toetse waar van toepassing moet by die geleentheid ingedien word by die raadslede wat elke dier wat kwalifiseer se vertonersertifikaat sal stempel en teken.

1. 'n BM en TB skoon sertifikaat moet vir die diere ingedien word.
2. Bewys dat 'n skedewas op die bul gedoen is en dat die bul skoon is.
3. n Koei se TKP moet 420 dae of minder wees. Koeie met TKP's van hoër as 420 dae sal nie in die skouring toegelaat word nie.
4. Bewys van dragtigheid (dragtigheidsertifikate) moet ingedien word van die koeie wat vertoon word, waar van toepassing.

**Sukses met u voorbereiding!!!**

## Bedankings

Ek wil net graag namens die Raad vir Cois Harman, ons voositter, bedank vir al die harde werk wat hy in ons ras insit. Cois, jy is 'n raakvatter en ons waardeer werklik al jou werk en tyd wat jy in ons ras insit. Dankie dat jy vasstaan in jou visie vir ons ras en altyd die ras se belange bo jou eie stel. Dankie ook dat jy probleme altyd diplomaties hanteer.

Cois baie geluk ook met die verwerwing van die M-graad (Magister in volhoubare landbou) getiteld "*Modelle om boere te identifiseer vir ekonomies volhoubare graanproduksie en suksesvolle vestiging in boerdery*" wat aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf is met 'n onderskeiding vir sy skripsie. Ons is trots op jou, jy is voorwaar 'n voorsitter 1000!!






## Landbou inligtingsdag te Hanover

Christopher Havenga het op 23 Februarie 2011 by die boeredag in die Hanover distrik uitgestal. Hy het 'n bul en koei met 'n kalf ten toon gestel.

Die belangstelling was baie goed. Daar was heelwat skole wat die dag bygewoon het en die seuns was veral beïndruk met die kalf. Christopher het die Braunvieh bespreek en baie skoliere en belangstellendes het aandagtig geluister hoe die Braunvieh en 'n goeie bees moet lyk.

**Beef up with Braunvieh**


# Christopher Braunvieh


**Home of three of the LNR Interbreed Performance Tested Bulls of SA.**
**"The first breeder ever to achieve this exceptional class 3 times in five years."**
















**Where breeding is our passion!!**

**Christopher Havenga**
**Web: www.cdhcattle.co.za • Cell: 082 821 1527**